Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 28: *Metzora* (**מצרע**) – Die Melaatse

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging....* Lev. 14:1 en 2 – PWL[1].

Torah: Lev. 14:1 tot 15:33

Haftorah: 2 Kon. 7:3 tot 20

Hernieude Verbond: Matt. 8:2 tot 4; Matt. 9:20 tot 26; Matt. 11:2 tot 6; Mark. 5:24 tot 34; Luk. 8:42 tot 48; Hebr. 13:4.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 28 wat afgelaai kan word by: Parashah28Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

The secret of spiritual success is a hunger that persists...It is an awful condition to be satisfied with one´s spiritual attainments... God was and is looking for hungry, thirsty people. – Smith Wigglesworth.

It is better to live ready than to get ready! – Smith Wigglesworth.

The tongue weighs hardly anything, yet so few people can hold it!! – Anonymous

Midrash (Torah Bespreking)

Siekte is 'n voortdurende herinnering aan hoe dinge verander het sedert die sondeval van die mens in die Tuin van Eden. Toe YHVH alles geskape het, het Hy gesê: *Dit was baie goed – uitermate goed!!*

God het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was uitermate goed. Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag. Gen. 1:31 – PWL.

Alles was volmaak volgens YHVH se wil en plan! Die sonde van Adam en Eva, naamlik hul ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Gen. 2:16 en 17) was egter die begin van verval, siekte, verrotting (korrupsie) en dood. Siekte is 'n herinnering aan sonde en die gevolge van sonde en daarom is daar dikwels 'n direkte verband tussen sonde en siekte. Alle siekte is egter nie weens sonde nie, hoewel ons moet besef dat die oorsprong daarvan is weens die sondeval in die Tuin van Eden. Ons word daagliks met ons gevalle natuur, naamlik

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

ons sonde geneigdheid, gekonfronteer. Ons stryd is ons sondige vlees wat ons moet oorwin deur die genade in Yeshua en deur gehoorsaamheid aan Torah!

Soos voorheen genoem moet ons met die bestudering van parashot *Tazria* en *Metzora* die betekenis van melaatsheid (*tsara'at*) volgens Torah verstaan. Volgens Torah is melaatsheid 'n oertipe van alle siekte toestande. Dit simboliseer ook die sonde-toestand van progressiewe verrotting (aftakeling) en uidendelik die dood. Melaatsheid soos in Torah beskryf word, moet daarom fisies, maar veral geestelik gesien word – 'n toestand van onreinheid. Daarom lees ons in Lev. 13:45 en 46 die volgende opdrag:

Verder moet in die klere van die melaatse op wie die plaag is, skeure wees, en sy hare moet los hang; ook moet hy sy baard bedek en roep: Onrein, onrein! Al die tyd dat die plaag op hom is, sal hy onrein wees. Onrein is hy; alleen moet hy woon; buitekant die laer moet sy woning wees.

Diegene wat weens sonde geestelik onrein is, mag nie in YHVH se teenwoordigheid kom nie, maar moet 'buitekant die laer bly' tot hy of sy weer rein verklaar is. Soos ons in die vorige parashah *Tazria* geleer het, word ons geestelik rein indien ons met berou ons sonde, naamlik die oortreding van Torah, bely en ons terugkeer tot gehoorsaamheid aan ons Vader se onderrig en instruksies. Deur die genadevoorsiening in Yeshua is dit nie meer nodig om volgens die seremoniële wette gereinig te word nie. Maar niks verhinder ons dat *teshuva* – die belydenis van sonde, vergifnis en terugkeer tot gehoorsaamheid – gepaardgaan met 'n *mikvah* ('doop' of wassing) wat simbolies is van die voltooiing van die proses van vergifnis, asook simbolies is van 'n nuwe begin as 'n geestelike rein Torah-gehoorsame kind van YHVH.

Yeshua Ons Genesing

Die vermoë om melaatses te genees was een van die tekens dat Yeshua die Messias is. Die eerste heenwysing hierna vind ons in Ex. 4:6 en 7.

יהוה *het verder vir hom gesê: "Steek nou jou hand in jou boesem." Hy het sy hand in sy boesem gesteek en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu! Hy sê: "Steek jou hand weer in jou boesem." Hy het sy hand weer in sy boesem gesteek en toe hy dit uit sy boesem uittrek, was dit weer soos sy ander vlees!* (PWL).

Moses was 'n sinnebeeld van Yeshua en daarom lees ons in Matt. 11:2 tot 6 die volgende:

En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van die Gesalfde Een, en twee van sy dissipels gestuur en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? En Yeshua het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.

Yeshua was Torah-gehoorsaam en het die melaatse wat Hy genees het beveel om te doen wat in Torah aangaande die reiniging van die melaatses geskryf is.

Toe Hy van die berg afkom, het 'n groot skare mense Hom gevolg en let op, 'n sekere melaatse man het gekom en voor Hom neergeval en gesê: "My Meester, as U wil, is U in staat om my te reinig." Yeshua het Sy hand uitgesteek, aan hom geraak en gesê: "Ek wil, wees rein." In daardie oomblik is sy melaatsheid gereinig. Yeshua sê vir hom: "Wees versigtig wat jy aan iemand sê, maar gaan wys jouself aan die priester en offer die offer wat Moshe beveel het, tot 'n getuienis vir hulle." Matt. 8:1 tot 4 – PWL.

Selfs die Talmud is bevestiging hiervan: *In the Talmud it is written, "When will the Messiah come?" And "By what sign may I recognize him?" Elijah tells the rabbi to go to the gate of the city where he will find the Messiah sitting among the poor lepers (Sanhedrin 98a). "The Messiah -- what is his name?... The sages say, the Leper Scholar, as it is said, 'surely he has borne our griefs and carried our sorrows: yet we did esteem him a leper, smitten of God and afflicted...'" (Sanhedrin 98b).*

YHVH se volmaakte wil is nie om ons te genees nie! Nee, Sy volmaakte wil is dat ons nie siek moet word nie!

Sekerlik het Hy óns siektes en óns benoudhede gedra; tog het óns Hom beskou as een wat aangetas is, deur God geslaan en onderdruk, maar Hy is deurboor vir ons oortredinge van die wet, Hy is vergruis vir ons onregverdighede; die tugtiging was op Hom sodat dit goed kan gaan met ons en deur Sy kastyding is ons genees. Jes. 53:4 en 5 – PWL.

En tog!! Minder as 5% van mense wat gaan vir gebed vir genesing word genees! Iewers misluk die kerk!! Statisties is daar geen verskil tussen Christene en nie-Christene ten opsigte van die voorkoms van siektes nie. Statisties ook geen verskil in alkohol misbruik, verslawing, egskeiding en seksuele immoraliteit tussen Christene en nie-Christene! Deel van die rede vir hierdie toestand is te vinde in die woorde van die profeet Hosea!

My volk word vernietig weens gebrek aan kennis. Omdat jy kennis verwerp het, sal Ek jou ook as My priester verwerp. Aangesien jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hoe meer hulle vermenigvuldig het, hoe meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle lof en eer in skande verander. Priesters floreer op die sonde van My volk en rig hulle begeerte na hulle onregverdigheid. Dit sal wees, soos volk, so is priester; so sal Ek hulle straf vir hulle lewenswyse en hom vergeld vir sy dade. Hulle sal eet, maar nie genoeg hê nie; hulle sal hoereer, maar nie vermeerder nie, want hulle het opgehou om na יהוה *te luister. Hoerery, wyn en nuwe wyn vat die begrip weg.* Hos. 4:6 tot 11 – PWL.

Wat sê die hernieude verbond moet die sieke doen?

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep en laat hulle oor hom bid en hom in die Outoriteit en Karakter van ons Meester met olie salf en die gebed van vertroue sal die sieke gesond maak; ons Meester sal hom herstel en as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Jak. 5:14 en 15 – PWL.

Die werklike betekenis van *met olie salf* word in die volgende artikel van Johann Möller verduidelik Kosbare Olie. Hierdie artikel is die moeite werd om te lees!!

YHVH is ons Geneesheer en Yeshua Messias was die bevestiging daarvan. Genesing en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah gaan egter hand-aan-hand! Daarom: Lees aandagtig die volgende waarheid!

> *(YHVH)-God is not a vending machine where you put in a coin and get something out. God is God – He is Mighty, Indescribable, Awesome and Sovereign. He is to be reverentially feared. We are serving Him, He is not serving us. This is not about what God can do for us; it's about what we can do for Him. You see, it's not what you're going to get out of God – it's what He is going to get out of you. Let's be done once and for all with this life enhancement Christianity that makes God a means instead of the glorious end that He is. Let's do away with selfish motives for healing because we just want to enjoy a happy life of prosperity for selfish gain. I'm going to say to you dear friend that your motive must be right – you must serve Him and love Him as long as you*

live simply because He is worthy… Healing, wealth and all those other things will just be a by-product of loving God and not the prime product. (Dr M.K. Strydom – *Healing Begins With Sanctification of the Heart*).

Bepeins of Bespreek

1. Daar is talle beloftes vir genesing, soos byvoorbeeld Ps. 103:3; Jes. 53:5 en Matt. 8:17. Hoekom word alle gelowiges dan nie genees nie? Hoekom word minder as 5% genees ten spyte van groot en bekende sogenaamde *faith movements* en ten spyte van bekende geestelike leiers met hulle genesingsbedieninge? Is die antwoord in Jes. 29:13 tot 16. Hierdie teksverse verwys na mensgemaakte godsdiens sonder begrip van die Vaderhart en sonder eerbiedige ontsag vir YHVH. Lees weer Hos. 4:6, asook Jes. 5:13 en 14; Matt. 6:33 en Spr. 9:10 en 11!

2. Hoe ontvang ons genesing?

   - Deur belydenis van sonde – persoonlike sonde, asook die van voorvaders.

   - Deur gehoorsaamheid aan YHVH se Torah!! Onthou: geloof tot redding word opgevolg deur gehoorsaamheid aan Torah (werke van Torah). Geloof sonder werke is nuttelose geloof (Jak. 2:14 tot 26). Gehoorsaamheid is die bewys dat ek YHVH Yeshua liefhet (Joh. 14:21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 5). Geloof (vertroue) is nie net ‘n intelektuele besluit wat geneem word nie! Geloof is vertroue in YHVH se onverdiende guns en Almag, asook getrouheid aan YHVH se Torah! Onthou: Geloof (vertroue) volgens Hebreeuse denke is nie wat ek glo nie, maar wat ek moet doen omrede ek glo!

   - Kwaadspraak is een van die grootste oorsake van siekte. Jak. 1:26; Jak. 3:5, 6 en 8; 1 Pet. 3:10. Onthou: Jy kan kwaadspreek oor jouself!

   - Die waarborg tot ‘n lang en goeie lewe: Eer jou vader en moeder (Ex. 20:12). Vind jou vreugde in YHVH se Torah (Ps. 1: tot 3).

***L’shon hara* – Die Sonde van Kwaadspraak.**

Die Hebreeuse woord *metzora* wat *die melaatse* beteken is ‘n samestelling van die woorde *motzi* en *ra* en beteken *fontein van boosheid* en *hy wat lasterlik praat.* Dit herinner ons aan die volgende:

Van die vrug van iemand se mond eet hy die goeie, maar die begeerte van die ontroues is ‘n daad van geweld. Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom is daar ondergang. Spr. 13:2 en 3

Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. ‘n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? Jak.3:10 en 11

L’shon hara is die Hebreeus vir negatiewe woorde, spesifiek van kwaadspraak en skinder. Om die tong te beheer is die moeilikste deel van Torah om aan gehoorsaam te wees en dus die maklikste om te oortree!

Net so is die tong ook ‘n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe ‘n groot hoop hout steek ‘n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook ‘n vuur, die wêreld van ongeregtigheid.

Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. Jak. 3:5, 6 en 8 – PWL.

Judaïsme het die volgende siening oor kwaadspraak:

- *L'shon hara* maak drie mense dood, naamlik: die een wat dit praat, die een van wie gepraat word en die een wat dit hoor! Dit is soos om 'n verekussing in 'n stormwind oop te skeur – jy kan nooit weer alles terughaal nie.

- 'n Skindertong is 'n handelaar in negatiewe woorde. In die verband moet ons onthou dat waar die hart van vol is, loop die mond van oor!

- Deur kwaad te spreek (te skinder) oor iemand anders word jy skuldig aan die oortreding van die persoon van wie jy kwaadspreek.

Soos reeds bespreek is die uitstaande oorsaak van melaatsheid soos Torah dit definieer weens *l'shon harah*. Die basis van hierdie dodelike sonde is hoogmoed en selfisme! Vandag nog word die lesse in hierdie Parashah gebruik om die dodelikheid van negatiewe woorde en skinder by mense tuis te bring. Dit is veral die verhaal rondom Miriam se *metzora* wat as voorbeeld gebruik word (Numerie 12). Daarvan word afgelei dat *metzora* die gevolg is van 'n skindertong.

Wanneer jy toelaat dat negatiewe gedagtes en houdings oor ander mense aan jou bly kleef, sal jy vind dat dit ontkiem en groei soos vuilgoed in 'n tuin. Selfs, sonder om 'n woord te sê kan jy deel word van hierdie toestand. Net daardie frons of rol van jou oë, ja, selfs stil stuipe is negatief. Dit is wanneer selfs ons wat geroep is om die lig in hierdie wêreld te wees, en om 'n seën vir ander te wees, dit regkry om 'n afbrekende, in plaas van opbouende, invloed te wees.

Wanneer ons negatief praat oor iemand, volg ons die pad van die slang in die Tuin van Eden. Hy het negatief gepraat oor YHWH. Eva het hierdie gif in haar gedagtes ontvang en dit laat saadskiet waaruit haar sonde gegroei het. Hierdie woorde van Satan het 'n wig ingedryf tussen haar en YHWH en ook tussen haar en Adam, haar man.

Pas op, ek en jy doen dieselfde! Met ons negatiewe woorde dryf ons 'n wig in tussen onsself en Vader-God, asook 'n wig tussen jouself en die persoon wat jy kritiseer en tussen die persoon wat jy kritiseer en die een aan wie jy dit oorvertel!!

Kwaadspraak is antisosiale optrede in sy mees primitiewe vorm. Dit isoleer mense van YHWH en van mekaar. Dit is die gif van die slang in Genesis 3 wat deur die eeue aan ons bly kleef het. Onthou: Ons ore is nie asblikke nie!! En ons mond is nie die opening waardeur 'afval' verwyder word nie!

Ons almal het 'genesing van die tong' nodig!! Ons sal almal rekenskap moet gee van elke ydele (nuttelose, negatiewe) woord (Matt. 12:36). Onthou: Lewe en dood is in die tong (Spr. 13:3). Onthou: Woorde het skeppingskrag!

As iemand dink dat hy God dien en nie sy tong in toom hou nie,[7] mislei hy sy eie denke, wil en emosie en die diens van hierdie man is leeg en doelloos. Jak. 1:26 – PWL.

Bespreek of Bepeins

1. Ons almal is bekend met wat dit is om aan die ontvang kant van *l'shon hara* te wees en die impak daarvan op ons lewens. Dit isoleer die persoon van wie kwaad gespreek word. Was dit nie ondermeer die bedoeling van *tsara'at* nie, naamlik om die een wat kwaad gespreek het buite die kamp in kwarantyn te isoleer dat hy of sy kan 'voel' hoe dit is om geïsoleer te wees?

Ten slotte

Mark Huey in sy kommentaar ten opsigte van *Metzora* skryf die volgende:

> *One of the most prevalent calamities that can infect the human soul is the inherent need to build oneself up, and in so doing, in the deep recesses of the mind, a person can attempt to justify, or at the very least, cover up and deny his or her sin nature. One of the most frequent ways to enhance one's personal image and self-estimation is to put other people down and to disparage (oneer, kleineer) them. This can occur by leveling insults against someone, thinking oneself to be superior, or by simply hating another person. By doing so, this allows the sinner to believe that he or she is better than the one being disparaged. The Scriptures are replete with admonitions against this, as God's people are to be those who fight against the temptation to look down upon others with discord and revulsion!*

Net so is die tong ook 'n klein ledemaatjie en het heerskappy. 'n Klein vuurtjie steek 'n groot woud aan die brand! Die tong is ook 'n vuur en die wêreld van boosheid soos 'n oerwoud. Die tong op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur, want die natuur van alle soorte wilde diere, voëls, reptiele, sowel as seediere, word getem deur die menslike natuur, maar die mens is nie in staat om die tong te tem nie. Dit is onbeheerbaar boos, vol dodelike gif. Daarmee seën ons יהוה*-die-Vader en daarmee vervloek ons mense, wat gemaak is na die beeld van God. Uit dieselfde mond kom seëninge en vervloeking. Dit, my broers, behoort nie so te wees nie. Is dit moontlik dat uit dieselfde fontein vars en bitter water uitkom? Of kan 'n vyeboom, my broers, olywe dra, of 'n wingerdstok, vye? Net so word bitter water nie soet gemaak nie.* Jak. 3:5 tot 12 – PWL

Daar is ses dinge wat יהוה *haat, ja, die sewende is vir Hom verwerplik: trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet, 'n verstand, wil en emosie wat bose verbeeldings uitdink, voete wat haastig is om na die boosheid toe te hardloop, 'n valse getuie wat leuens vertel en tweedrag tussen broers saai.* Spr. 6:16 tot 19 – PWL.

Ter Inligting

1. Dit is 'n mediese feit dat negatiewe gedagtes en negatiewe woorde oor 'n lang tydperk wel fisiologiese manifistasies in die vorm van siekte in jou liggaam kan veroorsaak.

2. Geneties Oordraagbare Siektes.

   - Die mens (en elke sel van die mens) het 23 pare chromosome. Op elke chromosoom is daar duisende gene en elke geen is saamgestel uit DNA. Die gene is die fisiese en funksionele eenhede van oorerflikheid. Dit is die draers van oorerwingseienskappe.

Elke persoon het twee kopiëe van dieselfde geen – een afkomstig van elke ouer. Elke geen bevat ‘n instruksie om ‘n spesefieke deel van jou liggaam te vorm en te laat funksioneer.

- Daar is meer as 700 geneties oordraagbare siektes. Dit is nie net fisiese siekte wat geneties oorgedra word nie, maar wel ook geestelike probleme. Geneties oorerflike siektes is wanneer daar ‘n abnormaliteit (defek) in ‘n geen ontstaan.

- Sowat 87% van alle siektes kan teruggevoer word na wat ons bedink. Dit is ook ontnugterend om te weet dat ons sondes nie net onsself benadeel nie, maar ook die van ons kinders. Die rede is omdat ons gedagtes nie net op ons liggame ‘n uitwerking het nie, maar ook op ons gene. Anti-torah gedagtes (sonde, bitterheid, onvergifnis, afbrekende selfbeeld, ens.) kan ‘n defek in ‘n geen, of in ‘n groep van gene, veroorsaak wat deur jou kinders ge-erf kan word. Sonde is meer as ‘n geïsoleerde insedent, maar kan weerklank vind in die nageslagte. Daarom word ‘n sekere siektetoestand in geslagte herhaal, asook sekere geestelike bindinge (vloeke) wat van geslag tot geslag oorgedra word.

- Voorheen was wetenskaplikes van mening dat ‘n mens niks aan sy genetiese samestelling kan verander nie. Die nuutste navorsingsveld, bekend as epigenetika, het egter bevind dat sekere gedagtes wat oor ‘n langtermyn gekoester word, wel die mens se gene kan beïnvloed en verander. Ons gene kan ‘aangeskakel’ of ‘afgeskakel’ word deur die gedagtes wat voortdurend bepeins word. Onthou: Ons woorde is maar net ‘n uitdrukking van ons gedagtes!

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.